

23 Oktober

Skrifgedeelte: Spreuke 4:20-27

Fokusgedeelte: Spreuke 4:23

Bewaar jou hart!

Bewaar jou hart meer as enigiets anders (1953-vert). Dit is die opdrag van die Here aan jou! *Waarom juis jou hart?* Jou hart is die setel van jou emosies, denke en wil. Jou hart bepaal waar jou oog kyk, wat jou hand doen, waar jou voete loop, waarna jou ore graag luister en wat jou tong sê. In jou hart sit jou totale menswees, jou karakter, ja - jou wese. Jou hart sê wie jy regtig is. Ons moet veral ons hart bewaar, want dit is die woonplek van die Heilige Gees. Uit my hart kom my godsdiens, my aanbidding en my lof vir God. Wie sy hart verwaarloos, mors met sy verhouding met die Here.

Hoe bewaar jy jou hart? *Om jou hart te bewaar* beteken "om jou hart te beveilig", "af te sper", "'n skans daarom te bou", "kosbaar daarmee om te gaan". Jy bewaar jou hart deur volgens God se Woord te lewe! Jy bewaar jou hart as jou wil in lyn is met God se wil. Jy bewaar jou hart as die Gees jou dring om met God en vir God te lewe. Jy bewaar jou hart as jy wegvlug van die sonde en 'n bekeringslewe lei.

Kan hartsbewing by jou gesien word? God het aan jou 'n nuwe hart gegee wat na Hom soek en na Hom verlang. Wanneer ons hart aan God verpand is, kan dit in ons lewe en optrede gesien word. Is godsdiens nog vir jou 'n hartsaak?

Sing: Psalm 18:1 Ds TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)